

Les 19

Teks: Johannes 7:35 - 8:11

1. Inleiding

Ons is vandag by die mees kontroversiële gedeeltes uit die Johannes evangelie. Die afwesigheid van parallelle gedeeltes in die ander evangelies maak dit selfs nog moeiliker. Die vraag wat gereeld in kritiese kringe gevra word is: "Is hierdie gedeelte nie later deur oorskrywers in die teks ingevoeg nie.". Maar dan is 'n belangrike teen argument die feit dat hierdie teks nie in kontras staan met wat Jesus geleer en verkondig het nie. Maar wat presies is aan die gang in hierdie teks wat dikwels gebruik word om die oordeelsvermoë van gelowiges te kniehalter.

2. Interne getuienis dat die teks uit plek is.

Soos ons reeds gesê het is daar verskeie bronne kritiek teen hierdie teksgedeelte. Ons kyk na twee sake. Eerstens onderbreek hierdie gedeelte bietjie die vertel in die boek. In die teks vooraf en opvolgend is Johannes besig om te vertel hoe die joodse raad vir Jesus gevange wou neem, maar bang is vir die mense. Maar in hierdie gedeelte is daar skynbaar 'n hul ander modus operandi. Hulle probeer Jesus uitoorlê met die wet van Moses

Die ander saak is die gebruik van die sinsnede, die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Nêrens anders in enige Johannese geskrifte tref ons hierdie uitdrukking aan nie. Trouens ons lees nie eers enigsins van die skrifgeleerdes in die res van die Johannese geskrifte nie. Die skrifgeleerdes met hulle diepgaande kennis oor die wet, was gesiene mense. Daarom is 'n opvatting, dat 'n Skrifgeleerde uit die wat hy uit die wet geleer het, in elk geval 'n Fariseër geword het.

3. Die sonde van owerspel

As daar nou een sonde is wat moeilik is om alleen te pleeg dan is dit owerspel. En dit bring die volgende stel probleme in hierdie teksgedeelte. Ons sien net die vrou hiervoor Jesus gebring. Hy moet net vir haar oordeel of dan nie. 'n Mens kan nie help om te vra waar die man is nie. Het hy vinnig genoeg weggekrom voor hulle hom kon vang, of is hy dalk selfs deel van die skare mense hier.

Die sonde van owerspel is wel gestraf deur steniging onder die wet van Moses. Maar hier is waar dit baie tegnies raak. Steniging was die straf vir 'n maagd wat verloof was, maar ontrou was aan haar verloofde. En beide die skuldige man en vrou moes gestenig word. Maar elders word die dood voorgeskryf aan beide partye wat egbreuk, maar geen metode word voorgeskryf nie. Jesus se opdrag aan die mense daar impliseer dat hierdie vrou skuldig was as 'n ontroue verloofde.

4. Wat skryf Jesus in die sand

Wat skryf Jesus in die sand. Die onderwerp van baie preke en oordenkings. Tog is die waarheid dat ons nie weet wat Jesus in die sand skryf nie. Daar was 'n romeinse gebruik in hierdie tyd dat 'n regter eers sy bevindings neergeskryf het en dan hardop uitgelees het. Daarom lei sommige af dat dit ook is wat Jesus hier besig is om te doen.

Die vraag hierop is natuurlik wie hier veroordeel word. Die vrou of haar aanklaers? Daarom is daar bewerings dat Jesus Jeremia 17:13 of Eksodus 23:1 in die sand skryf teen die aanklaers. Of dan in lyn met wat Jesus ook hardop sê, miskien Deuteronomium 13:9 of Levitikus 24:14.

5. Die reg om te oordeel

Hierdie teksgedeelte word dikwels gebruik om gelowigis die reg to sondeveroordeling te ontnem. Maar dit is nie so eenvoudig nie. Kom ons bekijk hierdie gebeure uit verskillende hoeke.

Eerstens kan dit wees dat hierdie mense en die vrou saamgewerk het aan hierdie lokval. Hulle is dus almal saam skuldig aan dieselfde misdaad. Dit diskwalifiseer hulle om die oordeel te voltrek, want hulle sal dan oor hulleself dit ook moet doen. Die tweede moontlikheid is dat hulleself aan egbreuk skuldig is in 'n ander opsig. Die derde is dat hulle tog almal sonde het maak nie saak hoe gering nie. Nou bly die vraag diskwalifiseer ons sonde ons om te oordeel?

6. Teksvergelykings

1. Levitikus 20:10
2. Levitikus 24:14
3. Deuteronomium 22: 23 - 24
4. Jeremia 17: 13
5. Matteus 7: 3 - 5
6. Mattues 5: 27 & 28
7. Lukas 18: 10 - 14

7. Vrae

1. Is Johannes 8: 1 - 11 later ingevoeg in die Bybel, motiveer die antwoord?
2. Wat presies is egbreuk en wie is almal skuldig daaraan?
3. Hoekom het Jesus in die sand begin skryf?
4. Is ek te sondig om te oordeel?
5. Moet ons dan maar net alle sonde laat gebeur.

8. Bronne

1. [*Die Bybel: Ou Vertaling*](#). (1996). (electronic edition of the 2nd edition., Mt 5:28). Suffolk, England: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.